



SABoerperd

JAARVERSLAG 2018

NASIONALE KAMPIOENSKAPPE 2018

Michiel Burger

Die skou het plaasgevind in Parys by die Afridome, 25 tot 30 Junie 2018. Ek lewer graag verslag in die verband.

BORGE & BEGROTING

Dit is altyd moeilik om voor die tyd 'n begroting op te stel vir enige skou. Die uitgawes is maklik om te bereken maar die inkomstes is 'n groot raaiskoot. Die jaar het ek die kostes dieselfde gehou met die veronderstelling dat ons weer dieselfde getal perde en inskrywings sou kry. Ongelukkig is ongeveer 50 perde minder as die vorige jaar ingeskryf. Dit het 'n verlies teweeg gebring, waarvoor ons borge gelukkig kon opmaak. Die gedetailleerde uiteensetting daarvan sal in die finansiële verslag gedek word. Baie dankie aan Gerhard, Elize en Mariaan vir hul moeite om borge te verkry, sonder dit sou ons diep in die moeilikheid gewees het.

(Gedetailleerde finansiële uiteensetting op aanvraag slegs aan lede beskikbaar).

INSKRYWINGS – ELEKTRONIESE SKOUPROGRAM

Die klaslyste was reeds 4 maande voor die inskrywings oop was, beskikbaar. Die meeste lede kon met behulp van die elektroniese skouprogram van SA Stamboek inskryf. Korrekte inligting en uitslae is in alle drukstukke daarna ontvang. Tersaaklike inligting was voortdurend beskikbaar op die Communicator.

UITLEG & TABULERING

Persoonlik dink ek die skou het goed afgeloop, Die besluit om die beoordelaars in die middel te sit het baie goed gewerk. Baie dankie Johannes en Riana. Daar was 'n fout met die tabulering maar ons kon dit vinnig regstel. Verder het die program baie goed gewerk.

SKOUKLASSE & SKOUREËLS

- Die aantal klasse wat aangebied word raak te veel vir die week. Daar sal moet gekyk word na watter klasse belangrik is, dit is veral die hand klasse wat baie swak ondersteun word.
- Die skoureëls kort ook aandag. Sekere reëls is na my mening onprakties en benadeel die vertoners, veral aan die tradisionele kant.
- Ondersteunende skou-reëls vir nuwe klasse was beskikbaar.

VEILING

Die veiling was nie 'n sukses nie, tog dink ek dit moet weer gehou word. Die tradisionele perde het goeie pryse gekry maar die universele perde bykans geen bod. Die kwaliteit was uitstaande maar ek dink die universele ruiters koop op 'n ander manier of plek. Ons sal ook moet kyk na die advertensies voor die tyd. Baie dankie aan Diederik Cloete en sy dogters vir hul reëlins en werk

KAAS & WYN / STEAK ETE i.p.v. VERTONERSONTHAAL.

Nog nuuttjie wat baie goed gewerk het was die kaas en wyn tydens die veiling. Die funksie tesame met 'n steak ete het die vertonersonthaal vervang. Baie dankie aan al die dames wat daar gehelp het.

DRESSEER, SKOUSPRING & WESTERN KLASSE

- Die dresseer was baie goed gereël deur Mariaan en haar span. Hulle het ook gesorg vir borge vir die dresseer. Baie dankie.
- Baie dankie vir Petro en Riana vir die skouspring. Dit was 'n gespook omdat die Dome nie al die regte toerusting gehad het nie.
- Die western klasse is vir die eerste keer aangebied en goed ondersteun. Dit is 'n groot mark waarna ons beslis sal moet kyk. 'n
- Proeflopie is gemaak met die ruitersklasse en ek dink daar sal mooi gedink moet word of dit geslaagd was of nie.

TOEKOMSTIGE BEPLANNING

Oor die tyd en plek van die kampioenskappe sal ook nog besluit moet word.

TEN SLOTTE

Ek wil afsluit deur twee persone uit te sonder, Petro Grové en Elize Prinsloo, sonder hulle sou die skou nie moontlik gewees het nie. Baie dankie.

Baie dankie ook aan almal wat gehelp het om dit 'n aangename en suksesvolle skou te maak, vertoners, beamptes en toeskouers. Geen appèlle is aangeteken nie.

Baie sterkte aan my opvolger.